23. MEDIA / PUBLIKASIES
23. MEDIA / PUBLICATIONS

23.1 RAPPORT 1 – DEPUTATE GEREFORMEERDE PUBLIKASIES – CALVYN-JUBILEUMBOEKEFONDS (CJBF) (Art 165)

23.1 REPORT 1 – DEPUTIES REFORMED PUBLICATIONS – CALVIN JUBILEE BOOK FUND (CJBF) (Art 165)

A. Dr GJ Meijer stel die Rapport.
Dr GJ Meijer tables the Report.

B. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.
The Report will be concluded during the Synod session.

C. **RAPPORT / REPORT**

1. Opdrag (Acta 2015:425-427) Die besluit van Sinode 2015 (Acta 2015:425-427) wat soos volg lees: 2.1 Die Sinode benoem weer Deputate om uitvoering te gee aan die opdragte soos wat dit in die CJBF Reglement beskryf is, sowel as om aandag te gee aan al die sake wat in proses van behandeling is, in besonder die volgende: 2.1.1 Die druk en uitgee van die publikasie oor die Uiteensetting van die Dordtse Leerreëls deur ds SD de Kock. 2.1.2 Die druk en uitgee van 'n bundel oor die Heidelbergse Kategismus – 'n versameling referate gelewer tydens 'n reeks konferensies om die 450-jarige bestaan van die Kategismus te gedenk. **Besluit: Kennis geneem.**	**1. Mandate (Synod 2015 Acta 2015:425-427)** The Synod appoints Deputies once again, to: 2.1 execute the assignments as is described in the regulations of the CJBF and pay attention to all matters that are in the process of being finalized, specifically the following: 2.1.1 The printing and distribution of the publication regarding the Exposition of the Canons of Dort by Rev SD de Kock. 2.1.2 The printing and distribution of the publication dealing with the Heidelberg Catechism – an anthology of dissertations given during a series of conferences to commemorate the 450 year existence of the Catechism. **Decision: Noted.**
2. Sake waarvan die Sinode kennis neem 2.1 Die Deputate het alle manuskripte wat vir publikasie voorgelê is volgens die Reglement laat keur en, indien moontlik, uitgegee. Voorkeur word gegee aan klein oplaes in gedrukte formaat. Daar word voortdurend gekyk na die moontlikheid om boeke te skandeer en die elektroniese verspreiding van materiaal deur middel van die CJBF-webwerf. Die volgende nuwe boeke is gekeur en gepubliseer: 2.1.1 *Ons Goue Heidelberger* ('n bundel referate en preke gelewer ter viering	**2. Matters that the Synod take note of** 2.1 The Deputies have considered and approved, according to the Regulations, all manuscripts that were submitted, and they were, where possible published. Preference is given to small volumes in printed format. The possibility of scanning books and the electronic distribution of material by means of the CBJF-website is always considered. The following new books have been approved and published: 2.1.1 *Ons Goue Heidelberger*. An anthology of dissertations and sermons given in

van die 450ste bestaansjaar van die Heidelbergse Kategismus).	celebration of the 450th anniversary of the Heidelberg Catechism.
2.1.2 *Kom op Hierheen* (AJ van der Merwe). Die boekie is 'n vraag-en-antwoord verwerking van Die Gesonde Leer (PJ de Bruyn). Die outeur is oorlede gedurende die keuringsproses maar dit is met die toestemming van sy kinders voltooi en persklaar gemaak deur dr HF van Wyk.	2.1.2 *Kom op Hierheen* (AJ van der Merwe). This booklet is a question and answer adaptation of the *Gesonde Leer* of the late prof. PJ de Bruyn. The author died during the approval process but the booklet was completed and made ready for printing, with the permission of his children, by dr HF van Wyk.
2.2 Verskeie boeke wat steeds populêr is, is gedurende die termyn herdruk, naamlik:	2.2 Various books that are still popular were reprinted during this time, namely:
2.2.1 *Laat My Lammers Wei* (MJ Booyens). Kopiereg op hierdie boek berus by die GK Pretoria en 'n ooreenkoms is aangegaan met die Kerkraad vir die druk van die boek. Dié ooreenkoms word jaarliks hersien.	2.2.1 *Laat My Lammers Wei* (MJ Booyens). Copyright of this book lies with GK Pretoria and an agreement has been made with the Church Council for the printing of this book. This agreement is revised annually.
2.2.2 *Die Woord voor die Ja-woord* (E Brink).	2.2.2 *Die Woord voor die Ja-woord* (E Brink).
2.2.3 *Die Gesonde Leer* (PJ de Bruyn).	2.2.3 *Die Gesonde Leer* (PJ de Bruyn).
2.2.4 Die Rooi en Blou Kategismusboekies is saamgevoeg in 'n enkele bundel en gedruk in beide Afrikaans en Engels.	2.2.4 Die Red en Blue Catechism booklets have been combined in a single volume and printed in both Afrikaans and English.
2.3 Daar is ook die volgende boeke wat tans nog in die keuringsproses is:	2.3 The following books are still awaiting approval:
2.3.1 Dagstukkies in Setswana (N Swanepoel).	2.3.1 Daily Devotionals in Setswana (N Swanepoel).
2.3.2 *Uiteensetting van die Dordtse Leerreëls* (SD de Kock). Daar was heelwat oponthoude met die publikasie van hierdie werk. Daar sal in die Aanvullende Rapport finaal verslag gedoen word.	2.3.2 *Uiteensetting van die Dordtse Leerreëls* (SD de Kock). There has been considerable delays with publication of this work. The final details will be given in the Supplementary Report.
2.4 Die Deputate skenk ook tans oorweging aan die volgende:	2.4 The Deputies are also considering the following:
2.4.1 Om dagstukkies wat in die Almanak verskyn in klank formaat beskikbaar te maak.	2.4.1 To make available the daily devotionals from the Almanak in audio format.
2.4.2 Om 'n reeks dagstukkies aan die hand van die Belydenisskrifte deur wyle prof PJ de Bruyn wat in Almanak verskyn het, as bundel te publiseer.	2.4.2 To publish an anthology of daily devotionals with the articles of faith as its basis penned by the late prof PJ de Bruyn, which were published in the *Almanak*.
2.5 Die volgende boeke wat uit druk is, is geskandeer en word gratis beskikbaar gemaak op die webblad van die CJBF:	2.5 The following books that are no longer in print, have been scanned and made available freely on the website of the CJBF:
2.5.1 Setswana weergawe van *Laat My Lammers Wei.*	2.5.1 Setswana edition of the explanation of the Heidelberg Catechism from *Laat My Lammers Wei*.
2.5.2 *KGOMOTšO YA MOKRESTE*, Setswana kategismus-preekbundel	2.5.2 *KGOMOTšO YA MOKRESTE*,

(DCS van der Merwe). 2.5.3 *Wat dink u van die Christus*? (PJ de Bruyn). Daar is ook 'n klein oplaag van die boekie gedruk in sakgrootte-formaat. Hierdie oplaag is gratis beskikbaar gemaak deur die Admin Buro. **Besluit: Punte 2.1 tot 2.5.3 kennis geneem.**	Setswana anthology of Catechism sermons (DCS van der Merwe) 2.5.3 *Wat dink u van die Christus* (PJ de Bruyn). A small number of this booklet was also printed in a pocket-size format. These were made available by the Admin Bureau free of charge. **Decision: Points 2.1 to 2.5.3 noted.**
3. Sake waaroor die Sinode besluit 3.1 *Aanpassing van CJBF-reglement* Waar outeurs boeke pro Deo aan die CJBF beskikbaar stel vir publikasie en daar geen formele ooreenkoms met hulle aangegaan word nie en hulle dus geen tantieme ontvang nie, sal komplimentêre kopieë as volg beskikbaar gestel word: 3.1.1 Enkel outeur – 5 kopieë aan die outeur; Meer as een outeur – 2 kopieë per outeur. 3.1.2 1 Kopie aan elke keurder. 3.1.3 2 kopieë aan die TSP Biblioteek. 3.2 Die Sinode benoem weer Deputate om uitvoering te gee aan die opdragte soos wat dit in die CJBF-reglement beskryf is, sowel as om aandag te gee aan al die sake wat in proses van behandeling is. **Besluit: Punte 3.1 en 3.2 goedgekeur.**	**3. Matters that the Synod decide on** 3.1 *Adjusting the CJBF-regulations* Where authors provide books for publication to the CJBF pro Deo and where no formal agreement is made with them and therefore no royalties are paid, complimentary copies will be made available as follows: 3.1.1 Single Author – 5 copies to the author; more than one author – 2 copies per author 3.1.2 1 copy to each judge. 3.1.3 2 copies for the TSP Library. 3.2 The Synod once again appoints Deputies to execute the assignments as the CJBF regulations stipulate as well as to pay attention to all matter awaiting finalisation. **Decision: Points 3.1 and 3.2 approved.**